

3 Johannes ? Getrouheid aan die waarheid en gasvryheid word geprys en aangemoedig

Johannes noem homself in dié brief net soos in 2 Johannes weereens net die *?Oudste?* of *?Ouderling?*, soos die woord *presbuteros* vertaal kan word. Hierdie rig hy die brief egter aan **Gaius**, *?die geliefde?*, soos die Griekse woord *agapetos* vertaal kan word.

Sommige vertaal dan dié woord ook as vriend, soos in die N.A.V..

Daar is drie ander Christene in die NT wat die naam Gaius dra:

Gaius van **Korinte** wat deur Paulus gedoop is en bekend gestaan het as 'n gasvrye man (Rom 16:23; 1 Kor. 1:14);

Gaius van **Masedonië** wat saam met Paulus op sy tweede sendingreis was en saam met hom in die moeilikheid kom in Efese (Hand 19:29);

Gaius van **Derbe** wat saam met Paulus op sy derde sendingreis was (Hand. 20:4). Laasgenoemde is deur Johannes biskop van Pergamum gemaak ? die gemeente aan wie Johannes die derde brief in Openbaring geskryf het waarin hy leerstellige sake aangeraak het (Openb. 2:12-17) ? volgens 'n tradisie wat uit die 4de eeu n.C. kom.

Hoewel Gaius uit Derbe dus die mees waarskynlike identifikasie met die Gaius in Johannes se derde brief is, kan 'n mens dit nie met stelligheid bewys nie, omdat daar geen ander duidelike aanduiding hiervan uit die vroeë kerkgeskiedenis is nie. Die tradisie uit die 4de eeu verbind ongelukkig ook nie eksplisiet dié Gaius van Pergamum aan die Gaius van die 3de Johannes brief nie. Dit bly egter die mees waarskynlike identifikasie.

Gaius word deur Johannes geskets as iemand wat hom aan die ware leer probeer hou het (vers 3-4), wat 'n groot invloed in sy gemeenskap gehad het (vers 5), omdat hy gerespekteer is (vers 2,6) en vermoënd genoeg om reisende leraars finansiëel te ondersteun (vers 6) ? soos Smalley dit tereg opsom (Word kommentaar). Hy was egter ook iemand wat self maklik beïnvloedbaar was en daarom aangemoedig moes word om te fokus op die goeie voorbeelde, nie die slegtes nie (vers 11).

Johannes se voorbidding en blydskap oor Gaius se getrouheid aan die waarheid ? vers 1-4

Johannes **bid** (N.A.V. vertaal *?hoop?*) dat dit met Gaius se gesondheid in alle opsigte net so goed sal gaan as wat met hom geestelik (Griekse woord *siel* word gebruik) gaan. Dit is veral Gaius se getrouheid aan die waarheid wat vir Johannes groot vreugde verskaf. Só het die berig Johannes bereik deur medegelowiges wat by hulle in Efese aangedoen het. Gaius het die *?pad van die waarheid geloop?* (N.a.v. vertaal: *?in die waarheid lewe?*).

Johannes se blydskap oor Gaius se gasvryheid ? vers 5-8

Johannes is ook bly vir Gaius se gasvryheid vir besoekende gelowiges, veral omdat dié mense vir hom vreemdelinge was. Sy liefde vir hulle is prakties bewys en Johannes moedig Gaius aan om hulle verder te help op hulle reis vir die evangelie, op 'n manier wat God waardig sal ag. Daarmee, sê Johannes, word ons medewerkers van die waarheid en help ons die verkondiging van die evangelie van Jesus Christus.

Johannes kontrasteer die optredes van Diotrefes en Demetrius ? vers 9-12

Johannes waarsku Gaius egter teen die hoogmoed en magsbehepthed van **Diotrefes** wat gesteld is op sy status en magsposisie in die gemeente en daarom nie net Johannes-hulle se gesag verwerp nie, maar doelbewus slegte en valse gerugte oor hulle versprei. Hy bewys ook nie gasvryheid nie, wat wys hoe hy 'n streep trek deur die praktiese hulpbetoon wat die kenmerk van die Christelike gemeenskap is en behoort te wees. Trouens, hy keer dié wat gasvryheid wil betoon en dryf hulle uit die gemeente uit.

Johannes waarsku Gaius dus om hom van Diotrefes te distansieer en eerder die voorbeeld van **Demetrius** te volg wat 'n positiewe getuigenis van almal het, Johannes-hulle inkluis. Daar word op een ander plek in die NT van 'n Demetrius gepraat, die silwersmid wat Paulus hulle soveel probleme in Efese gegee het (Hand. 19:23-41). Dit sou wonderlik wees om te dink dat dié man tot bekering gekom het en nou as voorbeeld vir die gelowiges voorgelê word. Daar is ook sprake uit 'n 4de eeuse tradisie van 'n Demetrius wat deur Johannes as biskop van Filadelfia aangestel is ? die gemeente aan wie die 6de brief in Openbaring geskryf is (Openb. 3:7-10). Daar is egter geen ander getuigenis om dit te staaf nie, so dit bly net 'n interessante moontlikheid.

Slot

Johannes sluit die brief op dieselfde manier as sy 2de brief en voeg by dat Gaius se vriende vir hom groete stuur. Johannes is op pad en sal sake aanspreek en regstel met sy koms.